Preprimêre Skool Senekal

Skoolhandleiding

... sodat almal kan weet ...

Besterstraat
SENEKAL

preprimsenekal@gmail.com
http://www.pssenekal.co.za

PREPRIMÊRE SKOOL SENEKAL

Handleiding vir skoolreëls

TOELATINGSBELEID TOT KLEUTERSKOOL

Daar word jaarliks heraansoek gedoen.

- Reeds ingeskrewe kleuters kry voorkeur bo nuwe aansoeke, maar die skoolgelde van die vorige jaar moet opbetaald wees voordat ‘n aansoekvorm vir die volgende jaar uitgereik word.
- ADMINISTRASIE FOOI BETAALBAAR VOOR TOETREDE.

VERDELING VAN GROEPE IN OUDERDOMME

MAKSIMUM VAN 24 LEERDERS VIR ELKE GROEP

GRAAD R: Kleuters word ses jaar oud
Departementele vrystellingsbrief van formele skoolplig word vereis vir kleuters wat nie aanskuif na Graad 1 nie.

ROOIKLAS: Kleuters word vyf jaar oud

GEELKLAS: Kleuters word drie of vier jaar oud
Dra nie meer doek nie, kan ‘n toilet gebruik

BLOUKLAS: Doek klas van 2 jaar af
Doeke word toegelaat (verkieslik pull-ups)
(Moet van die doeke af wees voor einde van die jaar om die volgende jaar na die Geelklas toe te mag gaan)

TOELATINGSBELEID TOT MIDDAGSORG

Slegs ingeskrewe kleuters van die kleuterskool
NIE MEER AS 30 LEERDERS IN MIDDAGSORG NIE
Waglys tree in werking met te veel aansoeke

BESOEKDAE TOT ALLE GROEPE

Vyfdagskoolbesoek vir kleuterskool sowel as middagsorg.
Dit is ouers se vrye keuse tot minder besoeke, maar skoolfooie bly dieselfde.

SKOOLURE

- DEPARTEMENTELE REGULASIES VIR VASGESTELDE SKOOLURE, DIE PERSONEEL VAN DIE KLEUTERSKOOL VRA DIE RESPEK VAN OUERS OM NIE DIE ONDERRIGTYD TE ONDERBREEK OF TE STEUR NIE.
- KLEUTERS MAG NIE ALLEEN VOOR DIE SKOOLHEK WAG NIE.
- GEEN PRIVAATKLASSE OF BUITEMUURSE SPORTONDERRIG TYDENS SKOOLURE NIE.
- TERAPEUTE BESOEK SKOOL GEDURENDE SKOOLURE.
- REËL VIR DOKTERSAFSPRAKE OF ENIGE DRINGENDE SAKE.

AANKOMS

Kleuters arriveer in klasse vanaf 07:00 tot 07:45

Respekteer die skoolure

Personeel arriveer voor 07:00 en sluit die skool oop

Kleuters wag tot 07:05

Kleuters wat met busse aankom, moet vergesel word deur die busbestuurder

VERTREK

Die skoolhek word oopgesluit om 12:45

Alle kleuters vertrek voor 13:10

Indien die ouer nog nie teen 13:10 opgedaag het nie, sal u kleuter inskakel by middagsorg en ‘n toesigfooi sal gehef word (R30 per halfuur)

MIDDAGSORGKLEUTERS word om 13:00 afgehaal deur toesighouer

MIDDAGSORGKLEUTERS VERTREKTYD: **voor** 17:10

Boetefooi vir middagsorg-tydrowers: R50 vir elke kwartier

LAERSKOOLTYE

Die kleuterskool word nie beïnvloed deur laerskooltye nie

AANKOMSTYE VAN LAERSKOOL

Kleuterskooltye bly dieselfde al begin die laerskool later

‘n Aanpassing kan gereël word gedurende laerskool se eksamentye

VERTREKTYE VAN LAERSKOOL

Soms verdaag die laerskool vroeër. In sulke gevalle sal die kleuterskool die hek vir vyf minute oophou sodat kleuters afgehaal kan word.

SKOOLGELDE EN MIDDAGSORG

Skoolgelde is onderhewig aan gereelde aanpassings soos die Beheerliggaam van die skool dit nodig mag ag.
Skoolgeld en middagsorggelde is maandeliks, **voor die vyfde van die maand**, vooruitbetaalbaar

GEBRUIK VERKIESLIK ELEKTRONIESE BANKDIENSTE VIR INBETALING
BANKBESONDERHEDE VIR EFT BETALINGS: PRE-PRIMERE SKOOL SENEKAL
ABSA SPAARREKENING 905 7249 729.
SKOOLGELD en MIDDAGSORG VERWYSING: KLEUTER SE NAAM EN VAN

KONTANTBETALINGS:
PLAAS DIE **KORREKTE BEDRAG** IN 'N KOEVERT en seël DIT
Skryf kleuter se NAAM EN VAN daarop

ADMINISTRASIEFOOI

Kleuterskool: R650
Middagsorg: R300

SKOOLGELD (sien bylaag)

KWARTAALLIKSE REKENINGE SAL UITGESTUUR WORD
Skoolgeld en middagsorg se betalings strek oor tien maande en word afgehandel teen einde Oktober en alvorens die Jaarkonsert plaasvind

EERSTE KWARTAAL	1. Einde Januarie VIR FEBRUARIE
	2. Einde Februarie VIR MAART
TWEEDE KWARTAAL	3. Einde Maart VIR APRIL
	4. Einde April VIR MEI
	5. Einde Mei VIR JUNIE
DERDE KWARTAAL	6. Einde Junie VIR JULIE
	7. Einde Julie VIR AUGUSTUS
	8. Einde Augustus VIR SEPTEMBER
VIERDE KWARTAAL	9. Einde September VIR OKTOBER
	10. Einde Oktober VIR NOVEMBER

KLEUTERDRAG (sien bylaag)

Netjiese, skoon en heel kleuterdrag word **met elke besoek** gedra.
Geen privaatdrag – Middagsorg hou hulle skoolklere aan.

KLEUTERDRAG kan aangekoop word op:
Dinsdae en Donderdae in die kantoor vanaf 07:15 tot 07:45.

BANKBESONDERHEDE VIR EFT BETALINGS: PRE-PRIMERE SKOOL SENEKAL
ABSA SPAARREKENING 905 7249 729.
KLEREDRAG-VERWYSING: KLEUTER SE NAAM EN VAN ASOOK SKOOLKLERE.

KONTANTBETALINGS: Bring die KORREKTE BEDRAG saam omdat ons nie kontant vir kleingeld by die skool hou nie.

BROEKIES BY KLEUTERDRAG: Alleenlik navy of denim
SOMER: kaalvoete WINTER: tekkies, GEEN STEWELS!!

GEEN SERPE TOEGELAAT NIE (vir veiligheidsredes)
MUSSE kan gedra word, HANDSKOENE word vinnig uitgetrek vir werkies

MERK ALLE KLEDINGSTUKKE DUIDELIK MET KLEUTER SE NAAM
Personeel kan nie aanspreeklik gehou word vir verlore items nie.

RUGSAK, KOSBLIK EN DRINKBOTTEL

RUGSAKKE: Groot genoeg om ‘n top, tekkies, kosblik en bottel in te pak.
Rugsak moet altyd skoon, heel en netjies wees.
GEEN WIELETJIESTASSE nie; dit is te groot vir die skoolrakkie
KOSBLIK: kleuter moet dit self kan oopmaak
DRINKBOTTEL MET ‘N UITTREKPROPPIE: kleuter moet dit self kan oopmaak

MERK ALLE BESITTINGS DUIDELIK MET KLEUTER SE NAAM

SKOOLTOEBROODJIES

KLEUTERS MOET BESLIS ONTBYT EET BY DIE HUIS
Daar is een verversingsbreek in die dagprogram
VOLDOENDE: TWEE snytjies brood met 'n voedsame vulsel
Sny die broodjies asseblief in vier dele (kwarte).
DRINKGOED Twee kleiner bottels:
Een met koeldrank vir etenstyd / Een met water vir speeltyd

DAAGLIKSE REGISTER EN UITTEKENSTELSEL

JUFFROU teken die TYD aan wat u kleuter aankom in die klaskamer
Slegs ‘n VOLWASSENE mag u kleuter uitteken
U gee vooraf toestemming op die inskrywingsvorm wie u kleuter mag afhaal
Reël vooraf indien iemand onbenoemd u kleuter gaan afhaal

KLEUTERSKOOLPROGRAM

DAGPROGRAM, WEEKPROGRAM EN KWARTAALPROGRAM IS AANGEBRING IN ELKE SPEELKAMER
Elke huisgesin ontvang ‘n KWARTAALPROGRAM – hierop verskyn al die gebeure vir die betrokke kwartaal
Plak dit op waar u dit elke dag kan raaksien en lees

OUERAANDE: van toepassing op Graad R- en die Rooiklas-ouers
OUEROGGENDE: derde kwartaal vir Geelklas en Blouklas

FONDSINSAMELINGS: vind gereeld plaas
Ons maak staat op u heelhartige samewerking en ondersteuning

FOTO’S: Groep-, grade- en individuele foto’s word geneem

GRADEPLEGTIGHEID EN JAARKONSERT: vind gewoonlik in November plaas

INSTAPPIES: besoeke van instansies aan die kleuterskool
UITSTAPPIES: Graad R-leerders

KNIBBELPAKKIE VIR SPESIALE GELEENTHEDE:
Een KLEIN sjokoladelekker (geen suigstokkies of toffies nie)
Maak die papier van die lekker asseblief klaar op ‘n plekkie los
Een pakkie skyfies, maak dit asseblief klaar op ‘n plekkie oop
Een KLEIN boksie koeldrank met ‘n strooitjie
VERPAK ALLES IN ‘N 2 LITER ROOMYSBAK
NAAM duidelik OP met ‘n permanente kokiepen, ander penne vee af

WHATSAPP GROEPE OM SKOOLINLIGTING AAN U DEUR TE GEE

Hanteer die groepe met RESPEK en OORDEEL
Slegs die admin kan boodskappe plaas
AFWESIGHEDE: rapporteer op klasjuffrou se persoonlike selnommer

ASSESSERINGSVERSLAE: KLEUTER SE ONTWIKKELING

AANPASSINGSVERSLAG:	Februarie
NETHEIDSVERSLAG:	Maart
KWARTAALLIKSE VORDERINGSVERSLAG:	Graad R- en Rooiklas
HALFJAARLIKSE VORDERINGSVERSLAG:	Geelklas en Blouklas

BELEIDE

GODSDIENSBELEID: gebaseer op Christelike beginsels
TAALBELEID: Afrikaans

Beleide beskerm belange van elke kleuter, personeellid asook skooleiendom en wil ‘n gunstige, stimulerende omgewing skep

U kan die beleide op ons webwerf gaan lees by http://www.pssenekal.co.za, kliek op die afdeling Preprimêre Skool en dan op “Beleide”.
U kan ook die beleide by ons kantoor kom besigtig.

- Toelatingsbeleid, rakende ouderdom, taal en Godsdiens
- Dissipline en Gedragskode
- Boeliebeleid
- Uitstappiebeleid
- Kleuterveiligheidsbeleid
- Nasorgbeleid
- Gesondheidsbeleid

ALGEMEEN

Personeel is met aankoms- en vertrektye beskikbaar vir vinnige vrae
Maak liefs ‘n middagafspraak vir meer ernstige gevalle

Personeel mag nie hul selfone hanteer gedurende skoolure nie

SIEKERIGE KLEUTERS wat voortdurend hoes, braak, diarree en erge loopneuse het, moet asseblief tuisbly om te herstel.

KINDERSIEKTES EN KOPLUISE moet dadelik aangemeld word

OOP SERE moet bedek word en sere wat maklik bloei moet tuis eers herstel

Pak ‘n EKSTRA STEL KLERE in vir die jonger kleuters in die skool
Seuntjies mag nie buite op speelterrein urineer nie

Kleuters met die gewoonte om te BYT, KNYP of SLAAN se gedrag moet na ‘n terapeut verwys word

GEEN SPEELGOED VANAF HUISE

BESITTINGS VAN DIE KLEUTERSKOOL MOET DADELIK TERUGGESTUUR WORD AS DIE KLEUTER DIT PER ABUIS HUIS TOE GENEEM HET
Gaan u kleuter se tas gereeld deur vir ingesmokkelde items

TROETELDIERE moet asseblief nie smiddae u troeteldier saambring na die speelkamer nie, dit ontwrig die orde in die klas

AFVALMATERIAAL soos boksies van alle groottes kan na die kleuterskool gestuur word, maar nie plastiek- of glasitems nie
Juffrou mag van tyd tot tyd items vra wat benodig word

POSVAKKIE IN DIE KLAS VAN U KLEUTER
Neem elke dag u kleuter se skeppings huis toe, asseblief
Dikwels beland daar korrespondensie van privaat instansies in die posvakkies, dit is mense wat allerhande aktiwiteite adverteer
Neem kennis dat dit nie deel is van die kleuterskoolprogram nie en is dit u eie keuse hoe u daarop wil reageer

UITNODIGING
Die personeel nooi u uit om enige ongelukkigheid rakende u kleuter tuis – of by die skool – met ons te bespreek

DINK AAN ONS SKOOL IN U GEBEDE: dink aan die personeel, kleuters, werkers, beheerliggaam en alle huisgesinne in ons pragtige skool
Ons kan nie sonder u liefde en geloof gedy nie

GENIET ONS KLEUTERSKOOL – DIT IS ONS TROTS!!